

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 8, NO 8 AUGUSTUS 2002

REDAKSIONEEL

Onthoubare verwikkeling

Vanaf 26 Augustus tot 4 September vergader 'n verwagte 60 000 verteenwoordigers vanuit alle uithoeke van die wêreld in Johannesburg. Daar gaan besin word oor volhoubare ontwikkeling. Regeringsorganisasies en nie-regeringsorganisasies van meer as 170 lande is betrokke. Die Johannesburg-beraad vloei voort uit 'n konferensie tien jaar gelede in Rio de Janeiro, toe 'n balans opgemaak is oor die voortgang van volhoubare ontwikkeling in die wêreld. Tydens die Rio-konferensie is meer as 2 500 aanbevelings gemaak oor aksies wat ontwikkeling volhoubaar kan maak. Nou – 'n dekade later – moet vasgestel word of daar iets van die aanbevelings tereg gekom het.

Saak op tafel

Gedurende Junie 2002 is 'n vooraf vergadering op die Indonesiese eiland Bali gehou om 'n noukeurig omskrewe agenda vir die Johannesburg-beraad voor te berei. Dit het duidelik geword dat daar alles behalwe eenstemmigheid oor die saak ter tafel is. Ontwikkelde lande wil praat oor die bevordering van toerisme, wêreldwye vestiging van die vryemarkstelsel, privatisering van die ekonomie en finansiële haalbare ontginning van hulpbronne. Die bestryding van lug- en waterbesoedeling dien eweneens op die sakelys van die sogenaamde eerste wêreld lande. Ontwikkelende lande daarenteen wil praat oor die stryd teen armoede, hongersnood, VIGS. Oorlewing is die enigste saak op die agenda van die sogenaamde derde wêreld lande.

Die botsing van belange is ooglopend. Almal stem saam dat daar oor ontwikkeling gepraat moet word, en dat ontwikkeling volhoubaar moet wees. Nie-volhoubare ontwikkeling sou immers geen sin hê nie. Die vraag is egter: van watter ontwikkeling gaan daar sprake wees? Die 2 500 voorstelle wat tien jaar gelede in Rio gemaak is, gaan bes moontlik nie weer die agenda op die Johannesburg-beraad haal nie.

Noord en Suid

In dit alles word 'n al dieper gapende kloof tussen lande in die noordelike halfrond en lande in die suidelike halfrond sigbaar. Die oorsaak van die breuk lê ongetwyfeld in egoïsme en selfsug, beskerming en bevordering van eiebelang. Die ontwikkelde noorde wil sy skatte verder

ontwikkel. Die sukkelende suide wil net kop bo water hou. Noord staan teen suid, suid teen noord. Dit skep nie bepaaldelik 'n gesonde atmosfeer waarbinne sinvol na oplossings gesoek kan word nie.

Wat meer bedroewend is, is die humanistiese grondtoon wat hierdie en soortgelyke berade kenmerk. Die mens staan in die sentrum. Alles draai om die bestaan en die voortbestaan van die eie-ek. Ontwikkeling word gemeet in terme van 'wat put ons daaruit', 'watter belang het ek daarby'? Uiteraard gaan daar 'n stille vrees mee gepaard: sê nou die aarde vergaan, wat dan? Planne moet gemaak word om 'ons aarde' te red.

Tuin na stad

Hoe staan die gelowige kind van God ten opsigte van al hierdie dinge? Menige gelowige trek die skouers oor die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling op. Daar word geen goed van verwag nie. Te meer omdat reëlins wat rondom die beraad getref is, op sigself reeds 'n deel van die probleem vergestalt. Die sukkelende suide – waarvan Suid-Afrika onmiskenbaar deel is – worstel om 'n beraad vir 60 000 wêreldleiers te reël.

Om skouers op te trek en die gesig weg te draai, is egter nie die gelowige se roeping nie. Die Johannesburg-beraad oor Volhoubare Ontwikkeling moet ten minste vir elke roepingsbewuste christen 'n onthoubare verwikkeling wees. Ongeleewes en nie-gelowiges beplan aan ontwikkeling – sonder om die Here in die saak te ken en eerbiedig. Wat van gelowiges, wat deur God geroep en bekwaam gemaak word om van die paradystuin 'n stad te maak? Die hand moet aan die ploeg geslaan word. Elke christen moet in die beroep wat hy en sy beoefen bedink dat jou dagtaak deel vorm van die aarde se ontwikkeling tot eer van God. Gelowige deskundiges in alle vakgebiede sal toenemend koppe by mekaar moet sit om Godgerigte wetenskap te beoefen en so diensbaar te wees aan die voortgang van God se Raad en die koms van sy koninkryk. Dan sal daar geen toutrekkery oor die 'wat' van volhoubare ontwikkeling wees nie. Bestryding van armoede en siekte, sowel as bevordering van nuwe ontwikkelinge sal op die agenda van die gelowige dien.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Onthoubare verwikkeling
- 2 **Skrifoordenking**
Geheiligde kerkvolk
Ds HLJ Momberg
- 4 **Aktueel**
Evangelisasie -geen eksentrieke stokperdjie, maar lewensaar
Ds ALA Buys
- 5 *Die wraakpsalms (1)*
Dr AH Bogaards
- 8 **Op die kerkerf**
Moet jy nou praat of moet jy swyg?
Ds HLJ Momberg
- 11 **Mediese etiek**
Skepsel vereer bo Skepper
Prof JM Boon
- 12 **Persskou**
 - *Kerk, tempel, moskee...*
 - *Liedboek – tweede uitgawe*
Ds GJ Meijer
- 12 **'n Rand per week vir die biblioteek**

GEHEILIGDE KERKVOLK

Ds HLJ Momberg, Pretoria

Genesis 13:1-18

Want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en jou nageslag tot in ewigheid. En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde ...

Ons sien in Genesis 13 die ontvouing van 'n persoonlike en salige verhouding van die HERE met Abraham. Maar tegelyk ook hoedat die HERE sy kerkvergaderende werk begin en voort-sit. Die HERE neem altyd die inisiatief in die sluiting van sy verhouding met ons. Hy openbaar Homself opnuut aan ons. Hy bevry ons uit ons sterwende omstandighede. Dit meen ook dat Hy ons wil afsonder vir Homself. Met sy eerste ontmoeting met Abraham in die beloofde land, kon ons dan ook in God se beloftes hoor hoedat Hy 'n geheiligde kerkvolk vir Homself in die oog het. Dit is wat Hy in en deur Abraham tot stand wil bring. Hier met sy tweede ontmoeting aan Abraham in die beloofde land, sien ons sy bedoeling nog duideliker dat Hy 'n geheiligde kerkvolk vir Homself in die oog het:

- 'n kerkvolk wat afgesonderd by Hom kom leef (13:1-4);
- 'n kerkvolk wat afgesonderd word van dié wat nie deel is van God se verbond nie (13:5-13);
- 'n kerkvolk wat - in die geloof afgesonderd - diensbaar aan Hom leef (13:14-18).

Afgesonder by God

Genesis 13:1-4 maak bekend hoedat die HERE sy belofte van verlossing en seën opnuut waar maak en uitbrei. Nadat Abram en Sara wonderbaarlik behoue gebly het in Egipte, ondanks Abram se bedrogspel met die leuen dat Sara sy suster is, kon hulle weer terugtrek na Kanaän, na die Suidland. Maar hierdie keer is hy baie ryker as voorheen. Farao het vir hom kleinvee, beeste, esels, slawe en slavinne, eselinne en kamele saamgegee. Toe die HERE hom oorspronklik geroep het, wou Hy Abram afsonder weg van sy eie blyplek, na die land wat die HERE vir hom sou aanwys. En Abram het kinderlik gelowig die instruksies van die HERE gevolg sonder dat hy vooraf die eindbestemming presies geweet het. Hy het op God vertrou. Oral waar die HERE hom in die beloofde land tot rus laat kom het, het hy altare opgerig en die HERE gedien. Die area tussen Bet-el en Ai was so 'n besondere ontmoetingsplek met die HERE. Dit is as't ware asof die HERE sy uitgeroepene bestel het om te kom na waar Hy hom wil ontmoet, met hom wil verkeer. Met hierdie praktyk het die HERE 'n besondere karakter van kerkees in die Bybelse geskiedenis ingebring wat ons vandag nog steeds onderhou, en wat eenmaal op die Nuwe Aarde ook deel van ons bestaan sal wees, naamlik om gereëld hulde in te bring binne die verruklike heerlike Jerusalem waar God by die mense sal

woon (Openbaring 21 en 22). Abraham kom dan juis terug na die plek van ontmoeting om die HERE te dank vir sy wonderbare uitredding ondanks homself. Die openbare erediens moet ten aanskoue van die wêreld weer voortgaan. Die hele wêreld moet weet: Hierdie God is onse God en Hy maak sy beloftes waar; Hy moet erken word, omdat daar geen ander God naas Hom is nie. Profeties erken en getuig die kerk wat by die HERE saamkom, dat Hy alleen God is. Priesterlik gee die kerk wat by die HERE saamkom hulleself in offerbereidheid aan die HERE oor. Koninklik proklameer die kerk wat by die HERE saamkom dat almal onder sy heerskappy moet buig. Die openbare erediens teenoor die wêreld gaan weer verder. Dit is waartoe geloofstrou en die erkenning van die God van ons verlossing ons bring.

Afgesonder van die wêreld

Uit Genesis 13:5-13 blyk dat Abram en Sara nie alleen is nie. Telkens moet ons hoor dat Lot, Abram se kleinneef, met hom saamgetrek het. Uit hoofstuk 12 lyk dit asof dit maar gewoon bykomende inligting is wat die geskiedenis-beskrywing moet volmaak. En selfs ook as ons weer van Abram se terugtrek uit Egipteland lees, lyk dit maar net weer soos meegaande inligting wat die geskiedskrywer gee dat Lot ook saamgetrek het. Buitendien, wat is dan tog snaaks daaraan dat familieledede dikwels iewers saam met mekaar verhuis na 'n plek toe, of mekaar dikwels onder dak neem? In Suid Afrika is daar selfs nog baie plekke waar tot vier geslagte saam in een perseel bly. Dit is dus eintlik vir ons gevoelens gewoon natuurlik.

En ja, selfs die stukkie geskiedenis wat in verse 5-13 beskrywe word, herken ons ook al te goed steeds in ons eie lewe. Daar kom om een of ander rede verskille, botsing van belange, misverstande tussen die mense wat so by mekaar woon en werk. As die HERE se genade die situasie beheers, kom daar wysheid wat hulle in vrede en met behoud van respek in staat stel om terrein te verdeel en uit mekaar se hare te bly. Ook dit is dus vir ons gevoel 'n baie realistiese en natuurlike menslike ding wat tussen Abram en Lot gebeur het. Abram is immers nie die enigste wat baie vee het nie. Ook Lot is ryk. Nou moet die troppe van Abram sowel as van Lot van die gras in die omgewing vreet en van die water daar drink. Dit terwyl Abram se vee en beeste baie gegroei het. Die land waar hulle boer, lewer nie genoeg vir al die diere op nie. En

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL*Voorsitter:*

Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Ds GJ Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@freemail.absa.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwalig
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

dan woon die Kanaäniete en Feresiete ook nog daar. Ook hulle moet van die beskikbare water en die kos lewe.

Abram sien hoe sy veewagters en Lot s'n elke dag rusie oor die kos en water vir die diere maak. Hiervoor moet 'n oplossing gevind word. Broeders mag nie in onmin met mekaar lewe nie. Abram het die vrede lief. Die wat saam die HERE aanroep, is ook verplig om as broeders met mekaar te lewe, om die vreugde van Psalm 133 te ken: 'Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers voor die aangesig van die HERE saamwoon'.

Abram het ook al oor 'n oplossing nagedink. Hy sien raak dat hulle nie op dieselfde plek kan bly nie, want as hulle op die een plek bly sal die getwis oor te min voedsel nie weg gaan nie. Sy voorstel is dat een van hulle op 'n ander plek gaan bly.

Al het hierdie dinge soveel duisende jare gelede gebeur, kan ons dit baie goed verstaan. Basiese menswees op aarde verander nie. Ons kan dit selfs waag om te sê dat elke gemeente met sy besondere samestelling uit verskillende families en individue, wat op mekaar aangewese was en steeds is, dit maar te goed besef.

En tog, dit is nie juis oor die tipiese menswees dat die skeiding tussen Abram en Lot opgeteken is nie. Die HERE wys ons hoe Hy sy kerk vergader, beskerm en onderhou. Hy wys ons wat dit beteken as ons lees dat Hy sy bruidskerk voortdurend reinig en heilig vir Homself, sodat sy sonder vlek of rimpel sal wees. Afgesonder vir Hom. En dan is dit uit sy raad, sy almag, sy voorsienigheid bepaal dat daar 'n oorsaak moet kom wat daarop moet uitloop dat hulle huishoudings van mekaar skei. Wanneer ons dan met medemenslikheid daarna kyk, is dit vir ons gevoel so vreeslik hartseer dat die twee huishoudings moet skei. En tog, nou dat ons oor al die eeue van die heilsgeskiedenis daarheen terugkyk, besef ons dat dit die manier is hoe God se liefdevolle raadsplan gewerk het, waarmee Hy die vrou afgesonder het, en haar in gereedheid gebring het om uit sy verlossingskrag, die groot nasaad voort te bring wat die kop van die slang sou vermorsel. Hy wou in Abraham en Sara sy bruidskerk afsonder en eenkant kry om sy heilsbeloftes in hulle waar te maak.

Ons moet selfs verder kyk. Ons moet raaksien watter *grondmotief* daar binne die onheilige gemeenskap van die huishoudings leef. Want wanneer ons daardie verderflike grondmotief herken, sal ons ook verstaan waarom dit so noodsaaklik is dat daar 'n afskeiding plaasvind. Die grondmotief is hebsug en afguns teen die geseënde belofedraer van die HERE. Ons sien dit eintlik al te goed in die manier waarop die verdeling van die land en die skeiding plaasgevind het. Abram gee vir Lot die geleentheid om te kies. Lot stem in en kyk oor die land rond om te bepaal watter deel hy sal kies. Die eerste wat opval is dat Lot ook regtig die eerste keuse gaan uitoefen. Is dit reg van Lot? Hy het gesien hoe die HERE Abram die draer van die belofte gemaak het en op 'n besondere manier met hom gewerk het. As Lot Abram eerste laat kies het, het hy God se werk erken en die posisie wat die HERE vir Abram gegee het. Lot oorweeg nie in die eerste plek God se werk nie. Sy oë en hart word deur verlange na die mooiste en mees vrugbare plek beheers. Hy word beheers deur die verlange na rykdom. Enkele tekste waar die Heilige Gees baie sterk hierteen waarsku, is 1 Timoteus 6:9 en 1 Johannes 2:16,17. Gierigheid is die wortel van alle kwaad. Lot kyk na die Jordaanstreek en sien hoe baie water daar is en hoe groen die gras daar is. Lot kies dit wat in mense se oë die beste deel is. Hy trek met al sy vee en met sy familie en al sy besittings na die Jordaanstreek.

Ons moet nou mooi dink. Dis asof ons deur die Bybelskrywer binne in Lot se gedagte-wêreld ingelei word. Wat is dit wat Lot so graag begeer? Voorspoedsgodsdien. Soos die belegging in 'n piramideskema.

Van Abraham lees ons heeltemal iets anders in Hebreërs 11:9 en 10 - 'Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is'. Abram bly waar hy was. Dit beteken dat hy die minder goeie stuk grond moet gebruik terwyl hy meer diere as Lot het. Hy moet met die minste genoeg neem terwyl die HERE hom aangewys het as die man waaruit sy volk moet voortkom.

Lot trek met alles wat hy het in die rigting van Sodom. Die stad wat die simbool van 'n voluit sondige lewe is. Uiterlik lyk dit asof Lot na die paradys getrek het maar geestelik kom hy daar waar die dieptes van die hel baie goed sigbaar is. Lot gaan selfs in die goddelose stede van die Jordaanstreek woon. Lot wil nog die HERE dien, maar met sy gedrag speel hy met die ewige lewe en maak hy die lewe vir homself baie moeilik. Ons lees later in 2 Petrus 2 dat God die goddelose stede Sodom en Gomorra met sy oordeel gestraf het en dat Hy 'die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense; want deur wat hy gesien en gehoor het, het die regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke'.

Lot gaan in die geselskap van groot sondaars woon. Hy bring homself en sy gesin in gevaar.

Die geloofsverskil tussen Abram en Lot was enorm. Wanneer nie meer die werke van God gesoek en betrag word nie, nie sy belofte en sy Woord nie maar ons eie wens en begeerte voorop staan - dan tree die vervalsing van die kerk na vore. Dan moet daar dringend kerklike reformasie plaasvind. Die HERE wil sy bruidskerk suiwer en heilig, weg van enige selfverlossing, weg van enige hebsug. Die suiwer geloof fokus nie op die versugting na tydelike genot, van welvaart wat ons verlange op God vernietig nie. Suiwer geloof hou die oog gefokus op die troue Verbondsgod wat sy beloftes waar maak.

Daarom het die skeiding tussen Abram en Lot 'n werklikheid geword. Nou is niemand van Abram se vader se huis meer by hom nie. Nou is hy en sy huishouding met Sarai alleen.

Afgesonder vir God

Maar Abram is dan juis nie alleen nie. Want nou, vir die tweede keer in die belofde land, verskyn die HERE aan hom. Die HERE is die volmaakte Herder van sy kinders. Abram staan op 'n berg. Hy kan die hele omtrek van die belofde land sien. Alles wat hy sien en alles wat daarby hoort, selfs die plek waar Lot nou woon, sal eendag die besitting van sy nakomelinge vir 'n baie lang tyd wees. Hieraan hoef Abram nie te twyfel nie. Hierdie hele land sal nie net hulle besitting wees nie; hulle sal ook as 'n groot menigte daarin woon. Die volk sal so groot word dat dit net so ontelbaar word soos die stof van die aarde. Dit is God se werk. Hy sorg vir die vrugbaarheid van die volk. Ander beelde wat die groot aantal van Abram se nakomelinge onderstreep is:

- die sterre - Genesis 15:5, 22:17, 26:4; Deuteronomium 1:10, 10:22, 28:62.
- die sand by die see - Genesis 22:17, 32:12.

Die land sal vol van Abraham se nakomelinge wees. Dit word vervul as die volk Israel uit Egipte trek en die land Kanaän binnestroom. Dan sê die HERE vir hulle: 'Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het' (Josua 1:3). Ja, en ook nie net soos Hy dit met Moses gespreek het nie, maar soos wat hulle geloofsvader Abraham eens gedoen het.

Die HERE het vir Abram die opdrag gegee om deur die hele land te trek. Hy mog nie net met sy gehoor nie, maar ook met al sy ander sintuie God se belofte toe-eien. Dit is 'n bemoeiding van God. Soos 'n teken en 'n seël vir Abram. Al die plekke wat hy sien en elke voetstap wat hy gaan maak, wys dat daardie stuk grond die grond is wat sy nakomelinge sal besit en waarop hulle sal leef. So seker is God se belofte.

Dan gehoorsaam Abram die opdrag. Nadat die HERE met hom gepraat het, vertrek hy van die plek tussen Bet-el en Ai. Die plek waar hy uiteindelik gaan woon is by Hebron, by die terpentynbome van Mamre. Hy gaan nie in 'n Kanaänitiese stad woon nie. Hy hou 'n goeie afstand terwyl dit nie beteken dat hy nie met die mense in die omgewing omgaan nie. Nee, hy leef sy roeping voluit uit. Hy verwerf aansien en respek by die mense rondom. As hy uittrek om oorlog te maak, dwing hy heilige ontsag af. Daarvan getuig die volgende hoofstukke van Genesis. Waarom? Wanneer hy by die terpentynbome van Mamre kom, by Hebron, bou hy weer 'n altaar. Abram kan

op sy woonplek nie sonder 'n altaar vir die HERE lewe nie. Sy lewe kan nie sonder die openlike aanbidding van God nie, want die HERE dra sy lewe. En hy erken dit.

Dit is deur hierdie geloofsoorgawe wat die HERE sy kerkvolk vergader deur die eeue heen. Maar ook meer as dit. Hy heilig sy kerk. Hy het haar anders gemaak. En hierdie andersheid teenoor die sondige wêreld, het Hy in Christus vir ons vervul. Die HERE het ons vir Hom eenkant gesit, sodat ons 'n uitverkore priesterdom, 'n koninklike volk sal wees wat die deugde verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

Die gewetensvraag lê dus op elke gelowige en elke gemeenskap van gelowiges: staan dit werklik duidelik uit in die lewe waar ons daaglik omgaan, watter verskil daar is tussen ons en die ongelowiges? Is dit opmerklik dat ons nie in hierdie tydelike reeds 'n materialistiese Kanaän vir onself wil aangryp nie, maar uit die beloftes van die HERE lewe? Wanneer mense aan hulle eie planne en gedagtes meer gesag verleen as aan die Woorde en die werke van die HERE, wanneer medegelowiges die gees van gierigheid in hulle omdra, is die gees van die valse kerk ook in ons midde. Dan moet daar drastiese maatreëls getref word. Reformasie. Kerk-suiwering. Maar laat ons dan die HERE se werke in ons erken. Laat ons nie nalaat om die offerdiens voort te sit nie. Laat ons ons lewe as dankoffer aan Hom toewy!

AKTUEEL

Evangelisasie - geen eksentrieke stokperdjie, maar lewensaar

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Die sewe vet jare vir die Afrikaanse kerke is verby. Getalle krimp. Geld word om en om gedraai. Ons hoor troospreuke: ons is klein genoeg om om te gee, groot genoeg om 'n verskil te maak. Ander laat doemwoorde vlieg: teen die huidige maer-word-tempo van die kerk sal daar nie gereformeerdes oor wees om die wederkoms te sien nie - al sou dit binne drie of vier dekades wees.

In die dae van Josef het die Here droogte gestuur, sodat sy heilsplan volvoer sou kon word. Reën en droogte, so bely ons, kom uit die hand van die Here ons ten goede. Die maer jare van die kerk word veral ekonomies bedoel. Die effek van die sogenaamde regstellende beleid word al hoe meer sigbaar - en dit het 'n invloed op die kerke. Die volgende geslag gaan heel waarskynlik 'n arm geslag wees, met hier en daar 'n uitsondering. Natuurlik is daar baie ander redes waarom die kerkkas maerder word. Maar hoe sake ook al staan: die volop jare van die verlede is vir eers verby vir die kerk. Maar moet hierdie vooruitgesiene gelddroogte noodwendig 'n geloofsdroogte meebring - of nog erger - in stand hou?

Sou ons die gelddroogte uit die hand van God ontvang, moet ons onself afvra wat wil U ons hiermee leer, Here? Wil die Here nie vir ons - en weer veralgemeen ons 'n bietjie - op 'n sielsdroogte wys nie? Laat ons die spieël optel van 'n deursnee gereformeerde gemeente en dan vra ons onself af of ons nie droogdors geword het nie.

Die huidige stand van sake

Die gemeente moet 'n dominee hê. Dominee moet die voorman wees. Hy moet besig wees met baie dinge, hy moet

besig lyk, want die gemeente moet glad loop. Sy hand moet in alles gesien kan word. 'n Dominees-kerk. Die besturende direkteur van 'n geestelike klub. Hy moet hand bysit by die fondsinsameling. Hy moet gaan troos. Hy moet gaan raas. En 'n mooi preek kom handig te pas. Met ons dominee en sy kerk gaan dit ... wel, wel. Hy lyk so moegerig. En die kerk groei nie eintlik in getalle nie. So af en toe trou iemand van elders af in die kerk in. Nou en dan spoel 'n grensgeval oor. Hier en daar 'lig iemand sy attestaat na 'n ander predikant toe', omdat hy nie hou van sy nuwe dominee se manewales nie, of omdat die tug so bietjie brand (by die kerkraad wat moeg is om ramings vir dooie hout oor te betaal Potchefstroom toe).

Maar laat ons die kerk nie as karikatuur voorstel nie. Die evangelie word op talle plekke nog suiwer gepreek. Daar is diep gelowiges wat 'n pad saam met die Here in die gemeentes loop. Daar is plekke waar die amp van die gelowige vol in die blom staan. Maar dit is die uitsondering. Die reël is 'n hiërgiesse-dominees kerk (en moet maar nie te verbaas wees as die herders self die tafel so dek nie, want die stoel - al het dit nou baie op die pligstaats geskryf, sit na 'n ruk al te lekker en daar is baie byvoordele). Sou dit ver uit die kol wees as ons die deursnee gereformeerde gemeente tipeer as 'n predikantskerk met 'n instandhou-

dingsmodel as grondslag? En is dit nie juis dit wat die huidige droogte opgeroep het nie.

Redes

Gereformeerde kerke wat evangelisasie doen as 'n lewensaar is maar dun gesaai. Daar is dié wat evangelisasie doen, maar dan is dit 'n aksie van 'n paar entoesiaste. Party gemeentes wat groei het sulke ongereformeerde hede ingebring dat die suiwere leer, diens en tug haas nie meer sigbaar is nie. Soos 'n vorige kollega vir my eenkeer gesê het: Ek sien nie kans om die heidene in ons erediens in te bring nie. Die liturgie is sò te vreemd. Die oplossing? 'n Heel charismatiese tweede diens naas (eintlik teenoor) die 'normale' gereformeerde liturgie. En dan word daar nogal pertinent gesê 'word die kategismus nie gelees' nie. Is dit waarin ons vasgevang sit? Dat die hemelse droogte ons dwing om ons instandhouding van domineeskerke aan te pas, maar dat ons nie weet hoe om dit te doen en nog gereformeerde te bly nie?

Kan die Gereformeerde kerk groei?

Die vraag hang daarmee saam of ons nog onself sien as die ware kerk. Die ware kerk van Christus sal groei. Christus self versamel sy kudde. Die punt is egter of ons as kerkverband Christus hierin gehoorsaam volg as medearbeiders, en of ons Hom teenstaan in sy versamelwerk.

Natuurlik kan die Gereformeerde Kerk as ware kerk groei. Maar dan moet ons doen wat ons glo. Met ons papiere skeel daar niks. Ons belydenis is reg. Met ons hart en ons hande skort daar egter baie.

Evangelisasie en uitverkiesing

Het ons nie die Dordtse Leerreëls begrawe nie? In dié sin dat ons die uitverkiesing *verkeerd* verstaan? Ons bely dat die Here sê: 'Jakob het ek liefgehad en Esau het ek gehaat'. Is dit nie so dat die uitverkiesing nie meer vir ons 'n jubellied is nie, maar 'n verkoelings yskas wat redeneer: die Here het my darem gekies, maar God is so almagtig en sy uitverkiesing en verwerping heeltemal onveranderd (wat dit is), dat ek daar niks aan kan doen nie? As iemand uitverkies is, sal God tog self sorg dat

die mens hemel toe gaan? Hy sal nou wel dalk nie vooraf 'n draai in die Gereformeerde Kerk maak nie, maar wat maak dit saak? Ek en my huis, ons gaan hemel toe.

Is so 'n verkeerde verstaan van die uitverkiesing nie 'n skreiende onderskatting van God se oordeel nie? Is dit nie matelose ondankbaarheid nie? Verstaan die gereformeerde instandhoudings-predikantskerk nog die diepte van genade? Sidder ons nog vir God se oordele? Ons vra vir die Here: help die kerk - maar eintlik bedoel ons dalk: help met die kerkgeld! Bring die Here ons nie in die geld-armoede sodat ons ons geestelike armoede kan besef nie? Geestelike armoede wat blyk uit gebrek aan ywer. En 'n skandalige gebrek aan gehoorsaamheid as dit kom by die slotverse van Matteus 28.

Inkeer

As die kerkorde op Skrifgronde die hiërargie in die kerk as sonde beskryf, moet ons alles in die stryd werp om dit wat die amp van die gelowige ondergrawe - soos predikante wat indring in die ampte van diakens en ouderlinge - teen te staan. Ons moet ons huidige instandhoudingsmodelle omruil vir diensbare uitbreidingsbedieningsmodelle. Wat dit behels is dat die dienskneg gestalte van Jesus Christus sigbaar gestalte moet kry in die be-diende van die Woord. Hier behoort bedienaars self die hand in eie boesem te steek. Kerkrade behoort te vra: vra ons nie meer van ons predikant as wat Christus van hom vra nie. Dikwels bid predikante om meer krag vir die moeilike werkslas van die bediening, maar God gee jou nie krag om ander se werk te doen nie. Gemeentes self moet hierdie dienskneg-gestalte aanleer en uitstraal. Die punt van belang is dat die *hele* gemeente, as liggaam van Christus, betrek moet wees by die uitbreiding van die gemeente.

Om dit te bereik moet daar selfondersoek gedoen word na die mate waarin ons sending sien as wesenlik deel van die kerk: die ware kerk se roeping. Met hart en mond en hande. Ons belydenis sê dit, maar ons belydenisdaad loënstraf dit dikwels. Die groei van die gereformeerde kerk deur middel van evangelisasie is al wat hierdie droogte gaan breek. Die Here is besig om hard met ons te praat. Het ons genoeg eerlikheid om ons te bekeer van ongehoorsaamheid as kerk en kerkverband oor evangelisasie?

DIE WRAAKPSALMS (1)

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Dit is 'n kenmerk van ons tyd dat mense nie meer wil hoor van die oordeel van God nie. Die God-is-liefde-teologie het sy duisende verslaan. Liefde is in, tug en straf is uit. Ook die sogenaamde Wraak- of Vloekpsalms – daardie Psalms waarin geroep, gebed en gesing word om en oor die HERE se verbondswraak, sy verbondsvloek, teen sy en sy volk se vyande – moet dit ontgeld.

In die Suid-Afrikaanse teologie het die verset teen die Wraakpsalms nie uitgebly nie. Enkele voorbeelde – met tussendeur kommentaar – illustreer hierdie verset.

Bybel in Praktyk

By Psalm 58 verskyn die volgende artikel van J Burden oor die Wraak- of Vloekpsalms:

'Lees Psalm 55:16; 137:8–9 en 140:11 en vra jouself af of jy hierdie gebede selfs vir jou vyande sal toebid. 'n Mens vra jouself ook af: Hoe strook dit met die geestelike kwaliteit wat jy in die psalms soek? Kan dit gemeenskap met God bewerk? Is God dan nie 'n God van liefde nie? Sê die Nuwe Testament dan nie dat ons selfs ons vyande moet liefhê nie? (Matt 5:44). Vloekpsalms is daardie psalms (soos 58;68:21–23; 109:5-19) waarin 'n vurige pleidooi vir Goddelike wraak teen vyande of

die vervolgers van die regverdige gelewer word. Die “vervloektes” sluit in persoonlike vyande asook die van God en Israel. Die vervloeking dien as vergelding vir die kwaad gedoen aan die vervloeker of vir dit wat teen hom beplan word. Dit het as basis die vergeldingswette van “’n lewe vir ’n lewe, ’n oog vir ’n oog, ’n tand vir ’n tand” (Eks 21:23-24; vgl Lev 24:20).

Hoe moet ons hierdie vloekpsalms as Christene vertolk? In die Ou Testament was vergelding in hierdie lewe nog die reël. Goddelike wraak teen hierdie agtergrond is net ’n vervulling van die eis van geregtigheid. Die vloekpsalms is dus ’n toets vir ons geestelike diepgang en vir God se regverdigheid. Deur sy kruisdood en opstanding het Christus egter kom voldoen aan die vergeldingswette en aan God se geregtigheid. Ons moet gevolglik sonder uitsondering bly liefhê—dit is die Nuwe-Testamentiese teenvoeter vir die vloekpsalms’.

By Psalm 109:20-31 gee Burden die volgende kommentaar:

Psalm 109 is die enigste suiwer vloekpsalm. Die bidder vra die Here om die goddeloses te oordeel (vir meer omtrent “vloekpsalms” vgl die verduideliking by Psalm 58). Die bidder wou nie self wraak neem nie, maar het die Here gevra om die goddeloses gou te straf soos Hy belowe het. Sy woorde is ’n bevestiging dat al die Here se vyande gedoem is. Psalm 109:8 word ook in Handeling 1:20 aangehaal en op Judas se dood toegepas.

In hierdie Psalm word twee byna onversoembare sake teenoor mekaar gestel: liefdetrou wat spruit uit verbondslojaliteit, en onbeteuelde woede wat om onbeskaamde wraak in ’n vloekpsalm roep. Vir die Ou-Testamentiese mense was dit moontlik om ’n gebed te bid wat uit twee sulke teenoorgesteldes bestaan. Vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges is dit nie meer moontlik om ons vyande te vervloek nie. Christus het vir almal gesterwe, daarom moet ons selfs ons vyande liefhê (Matt 5:44).

Kritiek op die *Bybel in Praktyk*

Die *Bybel in Praktyk* huiwer nie om ’n waarde-oordeel oor die Wraakpsalms uit te spreek nie: “Lees Psalm 55:16; 137:8–9 en 140:11 en vra jouself af of jy hierdie gebede selfs vir jou vyande sal toebid. ’n Mens vra jouself ook af: Hoe strook dit met die geestelike kwaliteit wat jy in die psalms soek?” ’n Mens vra jouself af: Hoe durf die *Bybel in Praktyk* – mense – sulke kritiek uitspreek teen die Skrywer van die Psalms? Die Skrywer is immers Niemand anders as God self nie.

Dit is duidelik dat die *Bybel in Praktyk* die Wraakpsalms in stryd ag met die gees van die Nuwe Testament, want die vrae word gestel: ‘Is God dan nie ’n God van liefde nie? Sê die Nuwe Testament dan nie dat ons selfs ons vyande moet liefhê nie? (Matt 5:44)’. Die *Bybel in Praktyk* sê verder: ‘Ons moet gevolglik sonder uitsondering bly liefhê - dit is die Nuwe-Testamentiese teenvoeter vir die vloekpsalms’. ‘Teenvoeter vir die vloekpsalms’ - Ou en Nuwe Testament word teen mekaar uitgespeel; die twee Testamente staan teenoor mekaar en sê teenoorgestelde dinge. Die Gereformeerde standpunt is egter dat die Ou en Nuwe Testament net een Skrywer het: God. Hy weerspreek Homself nie en Hy sê nie teenstrydige dinge nie. Wat ons in die *Bybel in Praktyk* het, is niks anders as Skrifkritiek nie: dwars teen dit wat Christus self deur sy Heilige Gees in die Ou Testament sê (Ps.139:21: ‘HERE, sou ek die nie haat wat vir U haat...’), sê die *Bybel in Praktyk* dat ons sonder uitsondering moet bly liefhê.

Die *Bybel in Praktyk* verklaar: ‘Deur sy kruisdood en opstanding het Christus egter kom voldoen aan die vergeldingswette en aan God se geregtigheid’. Hier het ons die *algemene versoeningsleer*: Christus het vir almal aan God se geregtigheid voldoen; Hy het vir almal die verbondsstraf gedra. Daarteenoor is dit die Gereformeerde leer dat Christus nie vir almal gesterf het nie. Daarom sal diegene wat nie glo nie, die straffende geregtigheid van God aan eie lyf ervaar. Die Heidelbergse Kategismus stel dit in geen onduidelike taal nie: God wil die sonde in die tyd - ook in die tyd, daar is ’n vergelding in die hede, ook onder die Nuwe Verbond - en in die ewigheid met ’n regverdige oordeel straf (HK 4:10) en nie almal word van hierdie straf verlos nie, maar slegs die wat in Christus glo (HK vr. en antw. 20).

JA van Rooy

Prof JA van Rooy se artikel in *Die Kerkblad* (27 Februarie 2002, p.25-27): *Mag ’n Christengelowige iemand haat* het eweneens op die saak betrekking. Van Rooy spring weg met ’n verwysing na Psalm 139:21-22: ‘Here, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en ’n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met ’n volkome haat; vyande is hulle vir my!’ Ook Psalm 137:8-9 (‘o Dogter van Babel, jy verwoeste, gelukkig is hy wat jou sal vergeld wat jy ons aangedoen het! Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!’) en Psalm 69:24,29 (‘Laat hulle oë duister word, sodat hulle nie sien nie; en maak dat hulle heupe altyddeur wankel.... Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdige opgeskrywe word nie’) word as voorbeelde van Wraakpsalms aangehaal. Dan verklaar Van Rooy: ‘Op grond hiervan is daar Christene wat beweer (kursivering van my – AHB) dat ons ook ‘God se vyande moet haat’.

Dit open natuurlik vir my die moontlikheid om, sondaar wat ek is, links en regs mense as ‘vyande van God’ te bestempel en my haat na hartelus teen hulle te laat botvier’. Van Rooy het verskillende besware teen hierdie letterlike opvatting van die Vloekpsalms. Volgens hom moet ’n mens met die aard van die poësie rekening hou. Jy moet die verband in ag neem. In Psalm 139 is Dawid aan die woord. Dawid het ’n vyand gehad wat ook ’n vyand van God was, Saul. Tog hoor ons nooit dat Dawid Saul gehaat het nie, maar eerder dat hy Saul se haat teen hom met liefde beantwoord het. Daarom meen Van Rooy dat Dawid in vers 21 tot 22 nie letterlik bedoel dat ons God se vyande moet haat nie. Ons moet alles wat boos is, afwys.

Kritiek op Van Rooy

Dit is nie maar net sekere Christene wat beweer dat ons God se vyande moet haat nie, maar dit is die Skrif self wat dit leer.

Dat die Wraakpsalms die deur open om ‘links en regs mense as ‘vyande van God’ te bestempel en my haat na hartelus teen hulle te laat botvier’, is nie waar nie. Die Skrif is baie duidelik daarvoor wié gehaat moet word, naamlik die vyande van God en sy volk. As mense daarom links en regs ander haat, wat nie werklik God se vyande is nie, maar wat slegs persoonlike vyande is, doen hulle dit in ongehoorsaamheid aan die Woord.

Wanneer van Rooy sê dat Ps.139:21-22 slegs bedoel dat ons wat boos is (die daad) en nie God se vyand (die dader) moet haat nie, verander hy aan wat daar letterlik in die grondteks staan. Hy probeer dit versag.

Die Nuwe Beryming en die Wraakpsalms

In 'n onderhoud met die Sondagkoerant *Rapport* vertel TT Cloete van die 'ure lange gesprekke oor die kontroversiële wraakpsalms' deur kommissielede wat van Pretoria af aangery gekom het. Hulle het naderhand bepaalde plekke om die Cloetes se eettafel gehad. Dinge is uitgeklaar soos: mag julle babatjies selfs deur klip verbrysel word, wat Cloete omgedig het tot: mag ook jou nageslag hiervan te lye hê. Cloete gaan dan verder deur te sê dat die wraakpsalms vir hom dikwels maar klippe kou was. 'Dan stap ek maar 'n draai in die tuin. Ek het een keer my pos gaan uithaal, en daar kry ek 'n brief van die Ontvanger wat sê ek skuld nog R5 000. Daai aand was daai psalm kant en klaar!' Cloete getuig in hierdie onderhoud verder self hoe hy en sy kommissie 'n Wraakpsalm (Ps.137) versag het.

Teen die agtergrond van hierdie onderhoud is dit nie vreemd dat die Nuwe Beryming so negatief is teenoor die Wraakpsalms nie. Die negatiwiteit kom na vore in blatante weglatings van Psalmverse wat handel oor die HERE se verbondswraak of in versagting van en verandering aan tekste wat sing van en pleit om die HERE se verbondsstraf. Hier volg enkele voorbeelde:

- **Psalm 11:5**

Die Nuwe Beryming dig om: "Hy (die HERE) haat die onreg en geweld". In die oorspronklike staan egter dat die HERE die goddelose en die wat geweld liefhet, haat en nie bloot die onreg en geweld nie. Die Nuwe beryming verander aan die grondteks. Dit is 'n poging tot versagting van wat daar eintlik staan.

- **Psalm 55:16,24**

Die woorde "Laat die dood hulle oorval, laat hulle lewendig in die doderyk neerdaal; want boosheid is in hulle woning, in hulle binneste ... Maar U, o God, sal hulle laat neerdaal in die put van vernietiging; manne van bloed en bedrog sal hulle dae nie tot op die helfte bring nie" is glad nie omgedig nie.

- **Psalm 56:8**

Die woorde "Werp volke neer in toorn, o God!" is in die Nuwe beryming glad nie omgedig nie. Die toorn en oordeel van God word die stilswye opgelê.

- **Psalm 73:27**

"Want kyk, die wat hulle ver van U af hou, vergaan; U roei almal uit wat van U afhoereer!" Dit is in die Nuwe beryming weggelaat.

- **Psalm 109**

Psalm 109 is een van die Wraakpsalms.

Hierdie Psalm is met reg die *Psalmus Ischarioticus* (Iskariot-Psalm) genoem. Want Handeling 1:20 ("Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woens word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En : Laat 'n ander een sy opsiensamp neem") haal Ps.109:8 (laat 'n ander sy amp neem) aan en pas dit toe op Judas Iskariot.

Die agtergrond van hierdie Psalm is die geskiedenis van Absalom se opstand en in die besonder Agitofel se verraad. Agitofel se verraad is 'n afskaduwing van en heenwysing na die verraad van Judas. Ons het in die Dawid-Agitofel-

geskiedenis 'n afskaduwing en heenwysing na Christus en Judas.

In Ps.109:6-20 vra (bid) Dawid om die HERE se wraak oor Agitofel. Hy vra onder andere: Laat 'n ander sy amp neem (v.8).

Cloete dig dit so om:

- 2 My liefde word begroet met haat;
terwyl ek bid, o Heer,
die goeie word vergeld met kwaad,
WRAAK WORD VIR MY BEGEER: (LW: dubbelpunt en dan word gesê wat se wraak hul begeer)
- 3 "As regter oor hom aangestel,
wil ons 'n booswig hê;
laat sy gebed selfs teen hom tel,
as klag teen hom gelê".
- 4 "Vind hom skuldig, vonnis hom,
straf dié wat hom bemin;
mag hy gou aan sy einde kom,
laat ly sy huisgesin."

Cloete verander hierdie woorde (verse 6-20) so dat ons hier nie te make het met die (wraak)gebed van die Psalmdigter, Dawid, teen sy vyand, Agitofel, nie, maar dat dit in verse 6-20 gaan om wat die vyand se begeerte is ten opsigte van die Psalmdigter.

Dit is duidelik dat Cloete 'n probleem met die wraakpsalm (-gebed) het. Dit pas blykbaar nie vir hom in die mond van Dawid nie. Daarom lê hy dit liever in die mond van sy vyande.

Waar kom Cloete aan sy omdigting? In die 1983-vertaling¹ en in die *Bybellennium*² kry ons dieselfde verklaring.

Maar dit is nog nie al nie. Die woorde van Ps.109:8 (laat 'n ander sy amp neem) - aangehaal in Handeling 1:20 - is in Cloete se omdigting glad nie omgedig nie. Hy laat dit weg - woorde wat in die Nuwe Testament aangehaal word!

- **Psalm 137:9**

Die woorde 'Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!' is deur Cloete versag ('Mag selfs vir jou nageslag ook 'n swaar vergelding wag') en deur Spies glad nie omgedig nie.

- **Psalm 139:21-22**

'HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!' word deur Spies heeltemal weggelaat en deur Cloete versag ('...elkeen wat u eer betwis, Here, is my vyand ook').

¹ **1983-vertaling:**

⁵ So vergeld hulle my met kwaad vir goed en haat vir liefde, **en hulle sê:**

⁶ "Stel 'n misdadiger aan as sy regter, laat een wat vyandig is, hom aankla;

⁷ sorg dat hy skuldig bevind word, laat selfs sy gebed teen hom tel as 'n misdaad. ⁸ Laat sy lewe kort wees en **laat 'n ander sy amp oorneem!**

Die "en hulle sê" staan nie in die grondteks nie. Dit is inlegkunde.

² **Bybellennium:**

109:2-11 Goddelose mense, vir wie hy nog altyd ... *gebid het*, beantwoord sy liefde met vyandskap. Hulle **beskuldig** hom vals. Hulle **val hom aan sonder enige rede**. Hulle het die hele hofoeding beplan en probeer dit manipuleer sodat hy gou tot 'n val kan kom. Daarom het hulle 'n lang lys vervloekings oor sy lewe, familie en besittings.

MOET JY NOU PRAAT OF MOET JY SWYG?

Ds HLJ Momberg, Pretoria

By die promosieplegtigheid van die Teologiese Skool te Potchefstroom op 19 November 1997 het prof HF van Rooy 'n rede met bostaande opskrif gelewer. 'n Pakkende gedagte na aanleiding van die sogenaamde teenstrydige advies van die leermeester aan sy seun in Spreuke 26:4 – *'Antwoord 'n dwaas nie na sy sotheid nie, sodat jy ook nie net soos hy word nie'* en Spreuke 26:5 – *'Antwoord 'n dwaas na sy sotheid, sodat hy nie wys is in sy eie oë nie'*¹.

Dit was nie soseer die bedoeling om by die geleentheid 'n omvattende uitleg van die besondere teks te gee nie. Dit was eerder 'n redevoering oor die probleem van teenstrydige gewens wat vermoedelik plek-plek in die Skrif voorkom.

Nadat ek die rede aandagtig deurgelees het, het ek met die vraag van die opskrif in my gemoed geworstel: Moet ek nou praat of moet ek swyg, trouens – dis veel erger – dis soos die roepingsvisioen van Esegjël (Eseg 3:16-27). As ons sou swyg oor hierdie kritiese dinge, word ons eenmaal mede verantwoordelik. As ek dan besluit om wel te praat, is dit omdat wat my diepste vrese nog die hele tyd was, in hierdie redevoering helder gefigureer het.

Die vraagstuk

Die vraagstuk wat in die betrokke redevoering gehanteer word, is hoe om te maak wanneer twee skrifgedeeltes oënskynlik van mekaar verskil. Na 'n bespreking van die skynbare teenstrydig-hede tussen 2 Samuel 24:1 en 1 Kronieke 21:1 en 'n verwysing na Noordtjij, in lewe 'n bekende teoloog van Kampen, eindig die redenaar met die opmerking: *'Wie sy oë sluit vir die skynbare teenstrydigheid, mis die boodskap wat God deur hierdie skrywers aan die mense van hulle tyd wou oordra'* (p 5 van die redevoering).

Verder word op bladsy 6 van die redevoering die sienswyse

Die korrekte wyse waarop oënskynlike verskille in die Skrif hanteer behoort te word, is:

- Deur nie die verskille te misken of ignoreer nie.
- Deur te aanvaar dat dieselfde Heilige Gees wat nie met Homself in stryd is nie, beide Skrifgedeeltes ingegee en beide Bybelskrywers geïnspireer het.
- Deur 'n bepaalde skrifgedeelte se betekenis-in-eie-reg nie aan die menslikheidsfaktore daarvan te verbind nie, asof die betekenis daarvan aan die Bybelskrywer met sy lewensomstandighede behoort het nie, maar aan die boodskap en doel van die Heilige Gees te verbind omdat dit die eiendom van die Heilige Gees is, wat ook die res van die Skrif geïnspireer het.
- Deur die 'openbaringsverskille' te aanvaar as geldige naas mekaar staande perspektiewe van dieselfde waarheid – as dit uit die eksegetiese duidelik is dat hulle van dieselfde waarheid praat.
- Deur vas te stel watter logiese argumentasie enigins verantwoordelik is vir die verskil, en op hoe 'n wyse die betrokke skrifgedeeltes naas mekaar staan en saam verkondig.

afgemaak wat lui dat ook wat deur goeie gevolgtrekking uit die Woord van God gemaak word as Woord van God beskou kan word. Dit na aanleiding van uitsprake deur Helberg, Berkhof, Greijdanus en die Westminster Konfessie.

Daar word plek-plek op 'n sarkastiese wyse omgegaan met mense wat die Skrif in sy naaktheid aanvaar en naïef glo soos wat God dit vir ons aandien. Dan maak hulle asof dit 'n oortreding is om aan mense te verkondig dat hulle, wat die Skrif anders herinterpreteer as hoedat dit gegee is, in stryd met die Skrif handel.

Die promosieplegtigheid-spreker laat hoor: *"'n Predikant doen sy eksegetiese, berei 'n preek voor en stel sekere standpunte. Indien iemand dan sou sê dat hy of sy van die predikant verskil, kan hy mos sê: jy verskil nie van my nie, maar van die Bybel. Dis hierdie siening wat dikwels ten grondslag lê van die felheid van debatte oor sake soos kelkies by die nagmaal: 'Dis mos duidelik dat bekere gebruik moet word, die Bybel sê so en klaar.'"*

Die retoriek van hierdie paar sinne kan impliseer dat 'n predikant nie die reg het nie om vir 'n lidmaat, medepredikant of professor te sê: so sê die Bybel. Daar kan geimpliseer word dat so 'n predikant sy eie afleiding of teologiese konklusie met die gesag van die geskrewe Skrif gelyk stel.

Hierdie is soortgelyk aan die besluit dat die kanselkleed, waarop staan 'So spreek die HERE' verwyder moet word. Sommige wil dit verwyder omdat dit ongeoorloof van 'n feilbare mens sou wees om dit van sy preke te dink, dat dit die Woord van die HERE is. Aan die ander kant is dit dikwels ewe ernstig dat mense sulke kleedjies wil verwyder omdat hulle bang is dat dit die predikant sal prejudiseer.

Die suggestie is dat die een teoloog nie vir die ander durf sê dat hy dwaal nie, omdat die pluriformiteit van interpretasies relatief tot mekaar en gelyk aan mekaar is. 'n Mens kan dus beswaarlik in stryd met die Bybel wees.

In die middel van bladsy 6 van genoemde gepubliseerde rede staan geskrywe: *"Die Bybel sê egter nie self direk dat die kerk deur alle eeue bekere moet gebruik nie, maar dit is 'n eksegetiese konklusie uit die beskrywing van die instelling van die nagmaal en van die opdragte aan die dissipels wat daar teenwoordig was. Het hierdie konklusie nou dieselfde gesag as dit wat die Bybel self direk sê? Is ander konklusies nie ook moontlik nie? Dit is basies waaroor die debat gaan. Dit mag selfs wees dat dit 'wettige afleiding mag wees, maar nog steeds bly die menslike afleiding ondergeskik aan die Skrif'".*

Hierdie soort uitsprake kom gereëld voor in kringe waar 'n moderner hermeneutiek voorgestaan word. Die standpunt

¹ Sien JG Meijer se 'Ope brief Klassis Boland' – Meijer JG, U kneg hoor, 1995, p.9ff)

word gehuldig dat 'dit of dat' nie direk in die Bybel staan nie. Dat 'n bepaalde uitspraak, opdrag, simboolstelling, ensovoorts nie vir die kerk vir alle eeue gebiedend is nie. Dit moet op so 'n wyse verstaan word dat dit as *ad hoc* voorskrifte vir daardie tye en daardie omstandighede alleen geld. Daarom moet dit in alle nuwe kontekste opnuut toegepas word.

Van die waarheid wat God vir alle eeue geldig geopenbaar het, bly daar dan alleen soveel oor as wat die teoloog self oordeel.

Dit is op hierdie punt dat die redenaar in botsing met homself kom.

- Aan die een kant maak hy die belyers van die Skrif se standpunte as subjektiewe, eksegetiese konklusies af.
- Aan die ander kant moedig hy 'n standpunt aan, dat die Bybel-nasprekende praktyk dat gesamentlike drinkbekers by die nagmaal gebruik moet word, vragenderwys afgeweg mag word teen praktyke wat nie uit die Bybel kom nie.

Hy beskuldig die Bybelnasprekers van subjektiwiteit, en tog stel hy sy eie subjektiwiteit as reg voor.

Die argument

Maar laat ons dan die argument self in oënskou neem.

Die spreker sê: *'Die Bybel sê egter nie self direk dat die kerk deur alle eeue bekere moet gebruik nie.'* Hierdie is 'n verwysing na die instelling van die nagmaal waar die Here Jesus die beker vóór Hom geneem het en as gemeenskaplike drinkbeker vir sy tafelgenote aangegee het om almal daaruit te drink.

Die spreker beweer dat die Bybel nie direk sê, dat hierdie handeling deur alle eeue vir die kerk moet geld nie.

Dit is 'n jammerlike uitspraak, want daar is skrifgedeeltes wat pertinent leer dat nie een jota of titteltjie van die wet sal verval nie. Verder dat van die Skrif nie een woord bygevoeg of weggeneem mag word nie. Ook dat die voorskrifte vir sekere gemeentes ook vir al die ander gemeentes geld.

En dan is daar die groot onbeantwoorde vraag:

van wanneer af in die loop van die eeue, sou die kerk dan, onder direkte voorskrif van die Bybel, van hierdie praktyk mog begin afwyk?

Dit is argumente wat naas aan die woord van God, ook ander argumente in die diskussie in-nooi om oorweeg te word, wat van die Paradys-dae af al reeds as kritiek teen die woord van God gedien het.

Ons bely in NGB artikel 5 dat ons die boeke van die kanon, en hulle alleen, as heilig en kanoniek aanvaar om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig.

In artikel 7 bely ons dat niemand nie, selfs nie eers die engele die reg het om ons iets anders te leer as wat ons reeds in die Bybel geleer word nie. Dit bely ons as geldig vir die kerk van alle eeue.

Is ook daardie belydenisuitspraak maar 'n subjektiewe menslike eksegetiese konklusie?

Ons belydenis sê egter, saam met die kerk van alle eeue, dat wanneer iemand 'n boodskap voorstaan dat ons 'n bepaalde uitspraak, opdrag, begroning of toesegging nie meer so hoef te neem om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves, of daarmee te bevestig nie, tas hy/sy daarmee die gesag van die Skrif aan. Dit gebeur die oomblik wanneer iemand wil laat blyk dat iets van die Bybel nie meer geld soos wat dit gegee is, vir ons bewaar is en gelees wil wees nie.

Dit moet bevestig word dat die historiese ontstaansbodem van die Bybel nie die reg verskaf om die geldigheid daarvan vir alle tye te misken nie.

Die dwang om vrydenkend te wees kom ook voor by die plekke waar die artikels van ons belydenis buite konteks of gerieflikheidshalwe gedeeltelik aangehaal word. 'n Voorbeeld hiervan is onderaan bladsy 7 van die promosieplegtigheidsrede: *"Afleidings kan dus nie oor alle sake uit die Bybel gemaak word nie (vgl. Presbyterian Church in the United States, 1976:78). Die Bybel bevat inderdaad alles wat ons nodig het om te weet vir ons saligheid, maar daar is dinge waarvoor die Bybel nie alle antwoorde gee nie, en 'n mens moet in sulke gevalle versigtig wees om nie die Bybel te laat buikspreek nie (vgl. Hendry, 1960:35)".*

Daar kan inderdaad ingestem word dat die Bybel nie alle antwoorde oor sekere dinge gee nie, veral nie die verkeerde antwoorde daarvoor nie.

Tydens 'n aanslag vanaf die Suidelike Partikuliere Sinode aangaande die verkiesing van vrou tot die amp², het hulle eens by die Nasionale Sinode (1994) met dieselfde tipe aanhaling uit die NGB artikel 7 gekom en gesê dat die Bybel alles bevat wat ons nodig het om te weet vir ons saligheid. Net so halfpad aangehaal staan dit nou ook hier in die promosiereede.

Is dit bewustelik dat die res van die artikel 7 wat hierop betrekking het, eenvoudig uitgelaat word, of is dit per abuis vergeet? So beoefen 'n mens tog nie meer eerlike wetenskap nie!

Bo en behalwe alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, beskryf die NGB artikel 7 voorts: *'Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie...'*. Hierdie laaste belydenis-uitspraak is die doring in enige vrydenker se vlees. Want alhoewel die Bybel verseker nie alle antwoorde oor sekere dinge gee nie, is dit tog so volledig 'sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus' (2 Timoteus 3:17).

Op bladsy 8 van bogenoemde rede, in die eerste paragraaf, word oor die agtergronde en konsekwensies van die Westminster Konfessie se Hoofstuk 1 Artikel 6 gehandel.

Die ortodokse sienswyse van Maccovius, dat alles wat reg uit die Skrif afgelei kan word, self Skrif is, wat verradikaliseer word deur die Presbiterianisme by Warfield se *'the sense of Scripture is Scripture'*, word afgewys. Hierby word die emosionele uitspraak gemaak, dat wanneer met die *'sense of Scripture'* die vrug van feilbare menslike eksegetiese arbeid verstaan word, dit niks anders as naakte positivisme is nie. Positivisme moet dan waarskynlik dui op die filosofiese rigting van die 19e eeu, wat kennis beperk tot wat met die sintuie waargeneem word, en deur ervaring en redenering vasgestel kan word.

Die leser word daarop gewys om baie mooi na te dink oor die konsekwensies van bogenoemde opmerkings. Dit kom in wese daarop neer dat die Skrif net waarlik Skrif is vir sover as

² Beswaarskrif Klassis Boland - Handeling 1994: 470, 2.1.4. Sien ook JG Meijer se 'Ope brief Klassis Boland' – Meijer JG, U kneg hoor, 1995, p.5ff, ook p.9ff

wat dit n e deur die prosesering van die menslike rede gegaan het nie en vir solank dit in die Hebreeuse en Griekse woorde op papier - onaangeraak - bly. Net dan is dit nog Goddelik gesagvol. Erger: die Skrif is net Skrif tot voor die punt waar dit ge-analiseer, verkondig of uitgel e word.

Wat bogenoemde standpunt so gevaarlik maak, is wanneer ons hoor watter rede aangevoer word vir die geldigheid daarvan, naamlik die erkenning van ons menslike sondigheid en gebrokenheid. Die feit dat ons eksegete en predikers nie kan aanspraak maak op die inspirasie van die Gees nie. Baie gereformeerde! Daarom verloor die Skrif sy egte volmaakte skriftuurlikheid wanneer dit deur die menslike bewerkings-prosesse gaan. Dan bly daar dus net een vasstaande waarheid oor, 'n nuwe belydenis. 'n Belydenis dat alle verkondigde Woord noodwendig verwringde Woord is, dus nie meer die suiwer Woord is nie. Presies teenoorgestelde van die belydenis dat die sin van die Skrif, inderdaad die Skrif is.

Is daar nog die ware kerk?

Enige aanspraak word as naakte positivisme afgemaak soos:

- dat die verkondigde Woord ook die lewende Woord is (1 Petrus 1:23-25);
- dat dit die verkondigde Woord is wat in mense die geloof van die uitverkorenes werk (1 Tessalonisense 2:13);
- dat dit die gepredikte Woord is wat mense tot geloof bring (Romeine 10:9-15);
- dat hierdie verkondigingstaak normaalweg met navorsing en ondersoek en naspeuring (1 Petrus 1:10-11) en ordening (Lukas 1:3) gepaard gaan;
- dat ons die Woord van God as gelowiges vir mekaar moet sing in die gestaltes van psalms, lofsange en geestelike liedere (Kolossense 3: 16); en
- dat wanneer iemand in die gemeente spreek, dit moet wees soos die woorde van God (1 Petrus 4:11)

Dit is dus nie meer moontlik om met gesag te preek nie. Die sleutels van die koninkryk van die hemel kan nie meer bedien word nie. Die ware kerk met sy unieke kenmerke (NGB artikels 27 tot 29) kan nie meer bestaan nie.

Die hele presbiteriale kerkbegrip, naamlik dat in die kerk alleen mag geld wat God deur sy Woord beveel het (NGB artikel 31), is nie meer moontlik nie. Selfs die woorde van die ondertekeningsformulier vir ampsdraers is in gedrang, dat die belydenis in al sy dele onderskryf word, omdat dit met die Skrif ooreenstem.

Elke keer as iemand moet antwoord op die formuliervraag: 'glo u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat vervat is in die geloofsbelydenis en in die Christelike kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is', dit maar met 'n siniese grynslag 'Ja' beantwoord kan word. Sodanige

gesagvolle knooppunt vanaf die Ou en Nuwe Testament, via die belydenis tot dit wat van die kansel af kom, is niks anders as naakte positivisme nie.

Die redenaar van bogenoemde rede doen moeite om die relatiewiteit van menslike naspreke en uitleg van die Woord te beklemtoon. Hierin word Kuyper se benadering, omdat dit deur die ortodoksie be nvloed was, afgewys omdat daarin 'die feilbaarheid van die rede van 'n gelowige nie tot sy reg kom nie' (Van Rooy 1997:8).

Die jammerlike gebrek aan onderskeidingsvermo e is telkens die rede waarom, met redenasies soos hierbo, krag gemaak word, om met argumente van menslike relatiewiteit openinge te soek vir menslike kreatiwiteit.

Die hele 'sense' van die belydenis dat 'the sense of Scripture is Scripture', is dan juis dat iemand sy eie 'sense' as feilbaar bely en daarom in die verklaring van tekste nie op sy eie insigte verlaat nie, maar op 'the sense of Scripture'.

Dan doen so-iemand dit biddend, soekend, afwagtend, nie op die inspirasie nie, maar op die *illuminati* (verligting) van die Heilige Gees (Efesi ers 1: 15-18). Kan iemand wat so te werk gaan steeds beskuldig word daarvan dat hy op sy eie rede vertrou? Of mag ons aanvaar dat die Efesi ers (as lidmate van die kerk) ook waarlik die kennisverrykende belewenis, wat Paulus hulle toegebied het, kon gehad het?

Dit is een ding om vir Maccovius en Kuyper af te skiet. Dit mag ook seker, want soos alle mense was hulle ook verseker nie volmaak nie. Dit is egter veel erger om in die plek daarvan, in die naam van Christelike vryheid en met heilige belydenis van die feilbaarheid van die menslike rede – intussen met 'n 'gees' van vrysinnigheid – die Skrifte te verklaar, en dan in ons menslike kreatiwiteit te ontdek dat ons eintlik met eiesinnigheid besig is (1 Samuel 15:23).

Dit is wesentlik wat gebeur by die praktyk van die drink uit individuele kelkies. Want waar kom di  plan vandaan? Tog nie uit die Skrif nie?

Tussen hierdie twee pole l e die geskil en die debat. Wil die spreker sy hoorders daartoe lei om met groter liefde en oorgawe God se Woord te ontvang en te gehoorsaam? Of soek die spreker 'n goeie rede, soos die sogenaamde teenstrydigheid van twee skrifgedeeltes of die feilbaarheid van die menslike rede, om die hoorders te oortuig dat dit tog nie so vreeslik erg is as 'n mens maar bietjie anders doen as wat die Skrif s e nie?

Die vraag is heel eerlik:

Watter standaard het die spreker gepoog om aan te bied of te bevestig? Is dit juis dat die "standaard"-gedagte nie meer gesoek hoef te word nie?

Immers, as mens die skietlood wegvat, sal dit nie meer so sleg lyk as die muur skeef is nie.

Algemene Ledevergadering

Datum:	Saterdag 12 Oktober 2002
Tyd:	09:30 tot 13:00
Plek:	Die Gereformeerde Kerk die Kandelaar
Onderwerp:	Skrifgesag en Reformasie

Skepsel vereer bo Skepper

Prof JM Boon, Pretoria

Ons het verlede keer gesê dat die sewende gebod waarskynlik die mees aktuele gebod in die gesondheidsorg is. Dit is veral ook waar omdat verskeie praktyke vandag deur die moderne geneeskunde goedgekeur en selfs geregtig word. Dit sluit praktyke soos homoseksualiteit, lesbiese verhoudings en saamwoon in.

In ongeregtheid word die waarheid onderdruk, tot so 'n mate dat daar steeds minder wenkbroue gelig word oor bogenoemde praktyke. Dit wat Paulus in Romeine 1 skryf is vandag baie aktueel: 'Terwyl hulle voorgesê dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlijkheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van die mens...' (Romeine 1: 22-23).

Dit is sonder enige teëspraak duidelik dat die Skrif homoseksualiteit afwys. Want juis die feit dat die mens God buite spel geplaas het, en in plaas van Hom die skepsel in die middelpunt plaas, het groot gevolge in die mediese etiek.

Paulus sê dat dit die rede is waarom 'God hulle in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee het aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te ontteer – hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid' (Romeine 1: 25).

Die Skrif praat duidelike taal. "n Samelewing waar die skepsel bo God verhef word, onttaard inderdaad in 'n samelewing waar vroue die natuurlike verkeer verander in wat teen die natuur is, en net so ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hul wellus teenoor mekaar ontbrand...' (Romeine 1: 26,27).

Veral die westerse wêreld in Europa, Amerika en Afrika (hoofsaaklik Suid-Afrika) is 'n duidelike voorbeeld daarvan.

Eens was daar respek vir die Here in die samelewing, eens het die vrugte van die reformatie gegeld in die publieke lewe, ook van die gesondheidsorg. Maar hierdie diens is via die Verligting en modernisme ingeruil vir die diens aan die skepsel. En die gevolge is sigbaar om ons. Ja selfs mense wat die verordening van God goed ken, doen die dinge nie alleen self nie, maar skenk ook hul goedkeuring aan hulle wat dit doen (Romeine 1:32). Dit word in wetgewings ingeskryf en raak normale praktyk, volgens die norm van die mens. Die propaganda waarmee hierdie verhoudings vandag voorgestel word, herinner aan die sonde van Sodom waarvan ons in Genesis 19 lees.

Ook die Ou Testament verwerp die praktyk van homoseksualiteit in Levitikus 18:22-23 en 20:13.

Dit beteken dat iemand met homoseksuele begeertes daarteen moet stry net soos alle mense geroep is om die goeie stryd van die geloof te stry. Homoseksuele verhoudings kan nie op grond van naasteliefde gekondoneer word nie.

Dit beteken nie dat hulle waar sulke begeertes teenwoordig is, nie met amptelike herderlike versorging versorg moet word nie. Die aksent lê egter nie op wat mense, die samelewing, individue of drukgroepe vir menseregte beweer nie, maar wat die Here self daarvan sê. Want die samelewing waar die skepsel bo die Skepper geëer word, moet dit nie vreemd vind as die Here die mense aan hul eie begeerlikhede oorlaat nie.



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria

Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031 Faks 012 329 5927

BOEKE VAN EN OOR PROF DR K SCHILDER IN VOORRAAD:

Christus in Zijn lijden, drie dele, R195

DEE, J J C

K Schilder, zijn leven en werk, deel 1 (1890-1934)

K Schilder – Oecumenicus (K Schilder over 'het kerkelijke vraagstuk')

Per deel R128,50

PICTURALIA – Fotobiografie K Schilder. 144 bl. R90

PUCHINGER, G (red): Ontmoetingen met Schilder. Met medewerking van: W Albeda, D van Baalen, GA de Bruijne, Ath van

Deursen, WK van Dijk, G Harinck, J van der Hoeven, O Jager, M Oudkerk en J Veenhof 211 bl. R150

K SCHILDER: Om Woord en Kerk, vier dele. Die meeste van die artikels in hierdie vier dele is oorgeneem uit die 'kleine' gereformeerde pers (plaas-like kerkblad-artikels). Vir die eerste keer in boekvorm in 1947 gepubliseer, maar nog steeds lesens-waardig! Prys per stel R120

VAN REEST, R: Opdat zij allen een zijn – Prof dr K Schilder in zijn strijd om Woord en Kerk.

'Wat de schrijver beoogt met deze uitgave is slechts enig inzicht bij te brengen aan een jonge generatie in het levenswerk van prof dr K Schilder, diens strijd voor de eenheid en zuiverheid der kerk en diens trouw in de vervulling van zijn ambts-roeping in deze'. Twee dele vir R69

HARINCK, G: K Schilder – een keuze uit zijn werk o.a. Over-drijving in het gebed, in memoriam prof Linde-boom, de noodzakelijkheid ener christelijke logica, Stellingen inzake de kerk,

Gebed in oorlogstijd en zijn laatste artikel in De Reformatie van 5 April 1952. R48,45

SCHILDER, K: Christus en cultuur. In sy voorwoord wat a.b. ss. 'Veendam' op 24 Augustus 1947 geskryf is, sê prof Schilder dat hierdie uitgawe die tweede hersiene druk is van 'n artikel wat in die eerste uitgawe van die bundel "Jesus Christus en het menschen-leven" gepubliseer is. R48,50

SCHILDER, K: Aforismen

Bekende en onbekende kernagtige gesegdes van prof Schilder. R46

K SCHILDER – VERZAMELDE WERKEN 1940-1941 (deel 1) EN 1942-1944 (deel 2) EN 1944-1945 (deel3). R450 per deel

Een Schrift-geleerde aan het Woord. Een keuze uit de preken van prof dr K Schilder, ingeleid en toegelicht door dr JJC Dee Twee dele, R75 per deel

Interviews over 25 jaar Vrijmaking (dr N Scheps) bevat onderhoude met H Amelink, D Deddens, H Dooyeweerd, J Douma, D van Wijk, J Faber, JR van de Fliers, G Janssen, P Jasperse, P Jongeling, J Kamphuis, J Meulink, CW Monnich, J O Mulder, ADR Polman, SJ Popma, G Puchinger, BJB Schoep, H Slings, KC van Spronsen, JH Velema, WG de Vries, EJHM de Vries-Schilder. R18,50

Kerk, tempel, moskee ...

Ds Perold de Beer van die Reformed Church in Africa skryf in die *Algemene Kerkbode* van 13 Junie 2002 oor die uitwerking van die gesprekke rondom die historiese Jesus:

Die Reformed Church in Africa het sy ontstaan te danke aan NG lidmate se pogings om Hindoes en Moslems in Suid-Afrika te bereik. Hierdie visie het die RCA onherroeplik tussen tempel en moskee geplaas. Die gevolg was die ontdekking van die wêreld van godsdiens hier in ons midde.

Dit het op sy beurt gelei tot 'n besef van die vervolging wat mense van ander godsdienste in die gesig staar wanneer hulle Jesus Christus aanvaar as Here en Verlosser. Te midde van verguising, verwerping en bespotting het ons in verwondering toegekyk hoe die krag van die Heilige Gees en die liefde van God in Christus Jesus hulle oorwinnend staande gehou het. Hoe het hulle opoffering, toewyding en gewilligheid om hulle lewens af te lê, ons nie beskaam nie! Enkele bekeerlinge moes die hoogste prys vir hulle geloof betaal.

Die grootste aanval was egter vanuit kerklike geleedere. Die debat rondom die historiese Jesus en bepaalde aspekte van die postmodernistiese herinterpretasie van die Skrif het gelowiges in die RCA geskok. Hulle – wat Christus as Verlosser in kinderlike geloof leer ken het – was verstom.

'n Tragiese verhaal. Dit laat 'n mens dink aan Christus se waarskuwing in Lukas 17 – 'Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel'. Studeerkamergeleerdheid, akademiese werkswinkels en katederpraterij kan so maklik die kindertjies in die geloof laat struikel. Laat elkeen wat met die teologie besig is, deeglik daarmee rekening hou. In alles en bo alles moet die teoloog VDM wees: verbum Dei minister – bedienaar van Gods gesagvolle Woord. Suiwer bediening van dié lewende Woord laat nie struikel nie, maar rig die gelowiges op!

Liedboek – tweede uitgawe

Die gesprek oor die nuwe Liedboek is nog nie behoorlik afgehandel nie – in ieder geval nie in die GKSA nie – of die kritiek daarteen stroom vanaf 'n onverwagse(?) oord in. Neels Jackson berig in *Beeld* van 19 Julie 2002:

Landman, teoloog van Unisa, het eintlik 'n vriendelike gevoel oor die nuwe Liedboek van die Kerk.

Sy hou van die wyer verskeidenheid musiek daarin en sy meen die liedere raak aan 'n mens se siel. Die musiek is nie 'common' nie. Maar - 'Met 'n klein bietjie moeite kon hulle met inklusiewe taal meer mense geakkomodeer het', sê sy. 'Sonder om aan mense se geloof te vat'.

Oor dit wat prof Landman met inklusiewe taal bedoel, bestaan daar geen onduidelikheid nie:

'Soos die tekste nou in die Liedboek staan, is baie daarvan seksisties en uitsluitend... Landman se besware val in twee kategorieë uiteen. Aan die een kant gaan dit oor verwysings na God. Sy maak dit duidelik dat sy nie sê dat God 'n godin is nie. Wat sy wel sê, is dat God nie geslag het nie... Haar pleidooi is dat daar in nie-geslagtelike terme oor God gepraat word. Dit doen 'n mens deur die voornaamwoorde 'Hy' en 'Hom' telkens deur 'God' te vervang'.

Die ander probleem wat sy uitwys, gaan oor verwysings na gelowiges. In die omdigting van Ps. 1 staan byvoorbeeld: Gelukkig hy wat slegte raad vermy ... Hier, sê Landman, kon 'hy' deur 'hul' vervang word en só sou die psalm inklusief geword het.

Om heeltemal inklusief te word, gee sy toe, sou 'n baie groot omwenteling verg. Kyk 'n mens na die formulerings oor die Drie-eenheid, sou jy pleks van na die 'Vader, Seun en Heilige Gees' te verwys, kon praat van 'God, die Kind en die Heilige Gees'.

Oor die konsekwensie hiervan laat Landman haar soos volg uit:

Dan sou jy by die punt kom dat jy die belydenisskrifte moet herformuleer. Sy meen dat die liturgie juis die punt is waar vernuwung kan begin.

Laasgenoemde stelling slaan die spyker op die kop. Die kerkgeskiedenis bewys dit oor en oor. Kerklike reformasie, maar ook kerklike deformasie, begin dikwels in die liturgie.

Intussen is die dwaling wat prof Landman verkondig, besonder ernstig. Dit gaan oor baie meer as 'n feministiese kyk op die Bybel. Hier is die beteweterige mens aan die woord.

God almagtig maak Homself as Vader aan sy kinders bekend. Hy stuur sy Seun na die wêreld om wat verlore is, te red. Deur sy Gees laat Hy sy uitverkore kinders aan Christus se verlossingswerk deel. So spreek die HERE Here oor Homself en sy werk. Maar prof Landman weet van beter. As 'vennoot' van God beskou sy haarself in die posisie om die Skrif, die belydenis en die psalmboek te herskryf.

'n Mens bid dat die inkeer in haar lewe drasties mag wees. En dat deur haar toedoen nie vele kleintjies tot struikeling gebring word nie.

'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEK

Daar word mild vir die biblioteek gegee. Die saldo in die bankrekening bedra tans omtrent R7,900. Tjeks kan geskryf word ten name van die Vereniging vir Gereformeerde Literatuur en aan die administrasie-adres van *Waarheid en dwaling* gestuur word. Vir wie regstreeks gifte in die rekening wil oorplaas, volg die gegewens hieronder.

Stigting vir Gereformeerde Literatuur
ABSA Ben Swartstraat Tak
Wonderboom-Suid, Pretoria
Takkode: 334 645
Rekening nommer: 9073 902 771.